Hermann Giliomee en Lawrence Schlemmer

'n Vaste plek vir Afrikaans: Taaluitdagings op kampus

Stellenbosch: Sun Press, 2006
258 pp. ISBN 1-920109-16-1

my taal is 'n koppie van die kompanjie –
op reis na die Kaap het dit sy oor verloor
sodat die onverskillige hand homself verbrand
tog kan die ou glasuur steeds bekoor

vanweë skeepskombuise se gerinkel
wat in die vangnet van krakies skuil
en in die Ooste is 'n vreemde piering
vir sy swaarwigtige ondertas verruil

maar uit die koppie word al minder gedrink
omdat imperiale goud om sy borand blink

Daniel Hugo (titelloos; Uit die bundel: *Breekware vir die revolusie*, 1984).

Die skrywers, Hermann Giliomee en Lawrence Schlemmer, draai nie doekies om in hierdie boek nie. In *'n Vaste plek vir Afrikaans: Taaluitdagings op kampus*, wat 'n uitvloeisel is van 'n verslag oor die stand van Afrikaans by Suid-Afrikaanse universiteite in opdrag van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, trap die skrywers direk en indirek op 'n paar akademici se tone. Tog moet die boek nie net as 'n lat gesien word wat stoute akademici oor die vingers tik nie. *'n Vaste plek vir Afrikaans* dien ook as aanmoediging (aanmaning) vir Afrikaanse akademici om naas Engels steeds in Afrikaans te publiseer.

Die skrywers neem die leser eers op 'n verkenningstog na ander dele van die wêreld en skep die breër prentjie waarin Afrikaans en ander klein tale hulle bevind. In die tweede hoofstuk kom die politieke transformasie en die invloed daarvan op die universiteitslandskap aan die beurt. Die skrywers val nie dadelik weg met die ontleding van die taalsituasie aan die Historiese Afrikaanse Universiteite (HAU) nie, maar wy eers 'n kort hoofstuk aan die implikasies van parallelmedium en dubbelmedium as voertaalopsies aan veeltalige universiteite. Die skrywers ontleed nie net die stand van sake aan die HAU's nie, maar ook die stand van Afrikaans aan die gewese en "voorheen hoofsaaklike" Engelstalige universiteite. Wat dié verslag besonder maak, is die skrywers se verwysing na die stand van die ander inheemse tale. Die agteruitgang van Afrikaans as wetenskapstaal, publikasies en artikels in Afrikaans kom ook in die verslag aan die bod. In die laaste deel van die boek word ruimte afgestaan aan gevolgtrekkings ten opsigte van die HAU's in die kulturele en

universiteits-, politieke en transformasieverband, en voor die finale gevolgtrekkings en aanbevelings word die "ander pool in die debat" ontleed.

Die skrywers noem in die inleiding van *'n Vaste plek vir Afrikaans* dat om oor Afrikaans en veral die die kwessie van Afrikaans as onderrigmedium te skryf omstrede is (Giliomee en Schlemmer 2006: 1). Dit kan so maklik gebeur dat die skuld op 'n derdeparty soos die ANC-regering of die Engelse duiwel alleen gepak kan word. Hulle stel dit egter baie duidelik dat die toekoms van Afrikaans die verantwoordelikheid is "van die mense wat vandag Afrikaans praat" (Giliomee en Schlemmer 2006: 201). Die probleem, soos dit ook deurgaans in *'n Vaste plek vir Afrikaans* aan die bod kom, is dat die Afrikaanse samelewing en veral die Afrikaanse akademici nie eensgesind en gemotiveer is om Afrikaans te beskerm nie. Daar word al minder uit die Afrikaanse koppie gedrink en die imperiale goud wat om sy borand blink is 'n toenemende kosmopolitiese ingesteldheid by akademici. Dit blyk uit hulle beskrywing dat globalisering en daarmee die vrees vir isolasie a.g.v. Afrikaans, politieke transformasie en daarmee saam 'n bedreidgde loopbaansekuriteit en skuldgevoelens oor die Afrikaner se verlede 'n belangrike rol in hierdie verdeelde houdings speel.

Die skrywers se kritiek teenoor die stand van sake by die Universiteit van Stellenbosch (US) en die besluitneming van die nou voormalige rektor, prof. Chris Brink, is soms baie fel in hierdie boek. Daar word na die US-akademici as opportuniste verwys wat "steeds oorywerig [is] om in die terminologie van die maghebbers te praat en die offers te bring wat húlle vra" (Giliomee en Schlemmer 2006: 168). Hulle is nie onbewus daarvan nie en erken in die inleiding dat hulle vanuit 'n bepaalde hoek skryf en dat daar nie iets soos volkome onpartydigheid is nie, "maar net grade daarvan" (Giliomee en Schlemmer 2006: 6-7).

Die skrywers se opinies word nogtans nie onverantwoordelik en eensydig gestel nie. Die boek is as't ware 'n lewendige debat waarin deeglik gemotiveerde argumente en teenargumente met erkenning en behendige weerlegging teenoor mekaar gestel word. Hulle staan daarom Hoofstuk 8 aan die "ander pool in die debat" af waar die boek *No lesser place: The taaldebat at Stellenbosch* van prof. Chris Brink onder die loep kom. Die debatkarakter van *'n Vaste plek vir Afrikaans* word verder verhoog deurdat die resensie van prof. Chris se boek deur dr. Philip John as 'n aanhangsel opgeneem is.

Daar skort nie aan feitelikheid in *'n Vaste plek vir Afrikaans* wat ter stawing van die argumente in dié geskrewe debat gevoer word nie. Daar is egter 'n interpretasiefout, alhoewel dit nie die algemene argumentasielyn versteur nie, waarop die leser gewys moet word. Op bladsy 17 voer die skrywers aan dat "[m]et die uitbreiding van die Europese Unie in Oos-Europa [...] die meeste mense die vorige omgangstaal, Duits, vanweë sy assosiasie met kommunistiese Oos-Duitsland verwerp [het]" (Giliomee en Schlemmer 2006: 17). Direk na die Tweede Wêreldoorlog mag daar dalk in sekere kringe 'n beperkte mate van verwerping van Duits gewees het, maar andersins was Duits nog altyd as 'n kultuurtaal in Sentraal- en Oos-Europa waardeer. Die feit dat Duits as omgangstaal verdwyn kan veel eerder aan die opkoms van Engels toegeskryf word. Dieselfde proses het in Nederland plaasgevind in die jare negentig, hoewel dit weer aan die verander is.

Die outeurs wys op die gevare van taalimperialisme van die Engelse taal, maar rui nie gevoelens op dat 'n "Engelse Gevaar" beveg moet word nie. Inteendeel, hulle doen voorstelle van die hand dat "Afrikaans op tersiêre vlak gehandhaaf word te midde van 'n konstruktiewe wisselwerking met Engels," want, argumenteer Giliomee en Schlemmer –

gegewe die sosio-politieke klimaat – is die "'ideale' oplossing van suiwer Afrikaanse instellings [. . .] nie haalbaar nie" (Giliomee en Schlemmer 2006: 196-197). Die probleem is dat daar in so 'n opset nie 'n "ideale onderrigstrategie ter beskerming van Afrikaans is nie" (Giliomee en Schlemmer 2006: 199). Hulle argumenteer hier gedeeltelik teen hulleself (en dit is 'n jammerte), want die skrywers wy heelwat aandag aan die nadele en gevare van parallel- en dubbelmediumonderrig soos in die literatuur aangetref, maar gee ook konkrete voorbeelde daarvan op Suid-Afrikaanse bodem (Giliomee en Schlemmer 2006: 68-69, 87-93, 101, 136, 150, 199). Die oplossing van en die probleem lê "by die verantwoordbaarheid van die universiteitsowerhede" (Giliomee en Schlemmer 2006: 200). Die skrywers maak 'n belangrike opmerking en dit is ook in 'n mate 'n teregwysing dat "[w]aar 'n bestuur openhartig en eerlik sy motivering stel, en daarby hou of gehou kan word, kan 'n voertaalbeleid doeltreffend bestuur word" (Giliomee en Schlemmer 2006: 200).

Alhoewel die prentjie wat aan die begin van die boek geskilder word baie donker lyk, sluit die skrywers die boek op 'n relatief positiewe noot af deur 'n paar voorstelle aan die hand doen en dit laat die leser met die gevoel dat alles sal regkom, mits elkeen sy deel doen (as Pres. Brand in die verband aangehaal mag word).

'n Vaste plek vir Afrikaans is nie net vir Afrikaanse akademici wat wetenskap in Afrikaans wil beoefen nie, maar ook vir die wat nie heeltemal oortuig voel nie. Hierdie boek is ook aanbevole vir lesers wat in die stand van Afrikaans (en ander kleiner tale) en taalbeplanning oor die algemeen belangstel.

Karien Brits
Adam Mickiewicz University, Poznań, Poland
karien@ifa.amu.edu.pl